# TREFFERS


## VIR JOU

## GRAAD 4 TOT 7

## KLASKAMER

# GRAAD 4 EAT


MAGRIET
die stadshoender
Geskryf deur Melanie Tait
Geïllustreer deur Linki Brand


MAGRIET
en Billie
Geskryf deur Melanie Tait
Geïllustreer deur Linki Brand


MAGRIET
hou konsert
Geskryf deur Melanie Tait
Geïllustreer deur Linki Brand


MAGRIET
se eierbesigheid
Geskryf deur Melanie Tait
Geïllustreer deur Linki Brand









# MAGRIET-REEKS


- Vier boekies in die reeks
- 24 bladsye
- Resep agterin die boekie



SKANDEER EN LEER MEER!

# GRAAD 4-5 EAT







SKANDEER EN LEER MEER!

- Twee boekies in die reeks
- 64 bladsye
- Opwindende avonture en prettige illustrasies

# GRAAD 4 HT & GRAAD 5-6 EAT






Hy krap sy kop met sy poot – soos hy wonder
Hy trek sy mond – soos hy besluit.
"AAH!" roep Springboekie hard. Hy trek
dik boek uit die rak. "DIE GROOT BOEK VA
SPROKIES."
Springboekie gaan lê op sy rug voor
boekrak. Die mat van gevlegte gras is
onder hom. Hy skuif 'n wilde waatlemoen
sy kop in – versigtig sodat dit nie aan
horings haak nie. Dan slaan hy die bo
Dit het die mooiste prente van vlakvark
kraai-konings en skilpad-soldate. Spri
se gunsteling is van 'n muishond-meer
Springboekie kry die eerste sto
boek. Pure lekkerkry ril deur hom.
tuur gaan hy nou in die storie bele
"Eendag was daar ..." lees hy.
Skielik is daar 'n harde brul.
GRRR-RRR-RRR-AU
Springboekie klap die boek
word koud. Sy stert knyp benoud.
GRRR-RRR-RRR-AUUU!
7



## SPRINGBOEKIE

- Ook beskikbaar in Engels
- 80 bladsye
- Prettige illustrasies
- Moedig lees aan

# GRAAD 4-5 HT 5-6 EAT

Kaptein, span die seile!









- 72 bladsye
- Twee boeke in die reeks
- Geskryf deur spelterapeut

SKANDEER EN LEER MEER!

Hoofstuk 2

# Die kaart na Towereiland



Septimus sit die boek terug op die rak, maar dit haak vas. Hy loer nuuskierig agter die boek in. Daar lê 'n opgerolde stuk papier. "Wat kan dit wees?" wonder hy hardop. Hy haal die stowwerige rol papier uit en rol dit versigtig oop. Dit is 'n skatkaart!

Hy bekyk die kaart. In die middel is 'n eiland met 'n lelike kopbeen op. Dit lyk vir Septimus asof die kopbeen vir hom



"Staan stil," raas hy.

Septimus wys onderlangs vir Grommer hy hou iets agter sy rug vas.

Kaptein Swartsnawel stap stadig verby die ry meeurowers. Hier en daar draai hy 'n oogklap skeef of pluk 'n verdwaalde veer uit 'n meeuman se vlerk. Voor Septimus gaan staan die kaptein. "**Boekmannetjie Septimus, het jy nie die seerowerlewe verruil vir jou boeketeek nie?**" vra hy.

Septimus skrik groot en laat val die kaart. Gelukkig druk Grommer dit agter in sy belt.


"E ... K-Kaptein, dis 'n b-biblioteek," stotter Septimus. Die kaptein gluur hom aan.

Hy lyk wel beïndruk met Grommer. "Netjies, Gemmerbaard, baie netjies," sê die kaptein tevrede. Hy trek 'n snorbaard uit Grommer se wang. Toe stap hy aan.






# GRAAD 4-5 HT 5-7 EAT











SKANDEER EN LEER MEER!






"Dit kom van buite af. Dit lyk vir my asof daar op die plaas of kleinhoewe aan die linkerkant met varke geboer word." Haar ma wys met die vinger. Adelie en Riley loer by die ruit uit en kyk waar haar ma wys.

Riley se lyf skud opgewonde en hy druk sy kop agteroor om beter te kan ruik.

Dit stink so lekker.

Adelie skud haar kop. "Dit is walglik. Ek wil nooit met varke boer nie."

Haar pa lag. "Ek wil ook nie met varke boer nie. Ek hoop nie jy en Riley gaan weer een of ander wilde avontuur hê soos die keer wat daar glo 'n monster in die swembad was nie."

Daar is 'n swembadmonster.

Ek weet nie hoekom hy ons nie glo nie.

Adelie vryf vir Riley en wys hy moet hom nie te veel daaroor bekommer nie. Grootmense glo nooit in die onbekende voordat dit te laat is nie.

"Moenie van die voëls vergeet wat amper vir Riley gevang het nie," voeg Mamma met 'n groot glimlag by.

9



Adelie maak vinnig haar papiere bymekaar en sit dit netjies op die lae tafeltjie neer. Riley, wat steeds na die akker op die grond kyk, kap soos 'n kat na dit met sy voorpoot. Hy tel die akker tussen sy tande op en drafstap na sy bed, wat langs die etenstafel staan. Hy draai eers 'n paar maal in die rondte voordat hy met 'n harde doef op sy bed neerval. Die akker kraak tussen sy tande. Riley kou so lekker daaraan dat sy bobbelogies stadig toegaan.

8

SKANDEER EN LEER MEER!

# GRAAD 5-6 HT 6-7 EAT






1

ERNSTIGE SAAK

VANDAG is die dag. Chloe trek haar hemp reg, gooi haar vlegsels oor haar skouers en stap reguit op haar ma af.

Haar ma smeer broodjies. Chloe gaan staan reg langs haar en maak 'n keelgeluid.

Haar ma draai na haar. "Is jy siek?" Haar ma frons en leun nader.

Sy tree agteruit. "Nee, Mamma."

"Nou hoekom maak jy so 'n roggelgeluid, soos 'n hond wat verstik?"


Chloe trek haar gesig. Wat bedoel haar ma met 'n roggelgeluid? Sy het keel skoongemaak.

4




## CHLOE EN DIE DINO-BABA

- 80 Bladsye
- Lekker skoolbesoeke, veral in Gauteng
- Hoofkarakter hou van wetenskap en is baie nuuskierig



# GRAAD 6 TOT 7 HT






## 1

## 'N SPINNEKOP-VIENNA

BENRU KONSENTREER HARD om die uitknipsel op presies die regte plek te plak. 'n Plakboek is nie sommer net 'n boek nie, dit is 'n kunswerk. Hy is 'n versamelaar. Nie enige versamelaar nie, maar een wat koerantuitknipsels en artikels bymekaarmaak. Dit is glo ook terapeuties. Tannie Gerda, die berader, het hom aangeraai om alles oor sy ouers wat vermis geraak het iewers in te plak.

Hy klap die boek hard toe om seker te maak die papier wat hy pas ingeplak het, behoorlik vassit. Die bladsye wapper onder sy duim terwyl hy sy vingers oor die boek se kant laat gly. Hy sit die boek op sy lessenaar neer. Dit val outomaties by sy ouers se roudiensprogram oop. Hy loer vinnig daarna. 'n Ligkolletjie wat oor die bladsy beweeg, trek sy aandag.

Hy leun verder oor sy lessenaar, deel van 'n ingeboude



boekrak. Die kol beweeg weer en Benru leun nog nader, soos 'n kat wat agter 'n laserliggie aanskarrel.

Sy gesig is byna teen die boek. 'n Beweging in die hoek van sy oog trek sy aandag. Die unieke lamp wat Ouma vir hom gegee het net nadat hulle hier by haar kom woon het, is die enigste item aan die regterkant van die tafel. Die lamp is 'n regte houtstomp, waarop 'n tak in die vorm van 'n onderstebo L gemonteer is. 'n Kragkabel is om die tak gedraai en 'n enkele gloeilamp hang daaraan.

Ouma het gesê die lamp is uit 'n deel van die akkerboom wat amper teen die huis staan se stam gemaak. Die bas is grof en donkerbruin. Partykeer verbeel hy hom dit ruik soos 'n regte boom. Hy hou sy gesig nog nader aan die lamp.

Hy trek sy asem skerp in. In die stomp se ronding is daar 'n maalkolk lig. Dit beweeg vinnig van groot na klein, asof dit iemand kan insuig. Hy vee vinnig oor sy oë want hy kan nie glo wat hy sien nie. Is dit 'n elektriese stroom? 'n Helder lig met verskillende kleure strale beweeg oor hom.

Opeens voel hy baie snaaks. Sy lyf is bewerig. Dis asof die bloed in sy are beweeg. Hy knyp sy oë styf toe.

"Wat maak jy? Klim jy in jou boekrak?"


Hy skrik so groot vir Wayne, sy ouer broer wat skielik in die deur praat, dat hy vinnig regop kom. Sy kop kap teen die boonste rak dat hy letterlik voëltjies om sy kop sien vlieg. Hy struikel agteruit en vlieg weer regop. Wayne bars uit van die lag. "As dit die effek is wat ek op jou het, wil ek nie eens sien wat jy gaan doen as 'n meisie met jou praat nie."


Wayne is amper sestien en dink hy is die kat se snor. Benru klap sy tong en vryf oor die seerplek op sy kop.



SKANDEER EN LEER MEER!

# GRAAD 5-6 HT & 6-7 EAT














SKANDEER EN LEER MEER!













- Vier ander boeke in die reeks
- 72 bladsye
- Topverkoper-skrywer, Fanie Viljoen




# GRAAD 5-6 HT & 6-7 EAT










- Vier boeke in die reeks
- Vind binne skoolkonteks plaas
- Topverkoper-skrywer, Fanie Viljoen
- 80 bladsye

SKANDEER EN LEER MEER!

## I
## HONGER-R-R-R!

*Taaibos bring vlamme,*
*Taaibos bring vuur!*
*Taaibos sal jou span*
*se spelers afstuur.*

*Ons sokker is vinnig,*
*ons doele sekuur.*
*Ons is die manne,*
*ons bring die vuur!*


Tibs Tabane sit in die klas. **JIG! WISKUNDE.** Hy hou niks daarvan nie. Dis hoekom hy die Laerskool Taaibos se sokkerliedjie sing. Sag, sodat meneer Prins nie hoor nie. Dit help om die tyd om te kry. Ingedagte skuif Tibs sy bril terug op sy neus. Sy aandag dwaal na buite die klas. Die sokkerveld lê en wag vir hom. Nog net 'n klein rukkie, dan lui die laaste klok.

# GRAAD 5-6 HT & 7 EAT














SKANDEER EN LEER MEER!






1

## Die walvis se oog



WAT maak jy as jy niks maak nie? Jy gaan kuier by ouma Mollie, natuurlik.

Dis wat Nina Nagtegaal een middag na skool doen. Hulle het geen huiswerk gekry nie. Dis nogal iets om te vier. Die onnies van Laerskool Seeperdjiebaai gee mos **ALTYD** huiswerk. Die beste manier om iets te vier is met gemmerbier. Ouma Mollie se lekker gemmerbier.

Haar naam is eintlik ouma Mollewania Mollewiekus Nagtegaal Maar almal noem haar net **ouma Mollie** – die grootste moeilikheidmaker op Seeperdjiebaai.

5



Maar ook die liefste ouma **OOIT!**

Nina **ZIRTS** met haar fiets na ouma Mollie se huis. Doer voor in die straat sien sy dit. Mens kan die huis nie juis miskyk nie. Dit het vrolike blou mure. 'n Vet walvis is teen een van die mure aan die voorkant geverf. Op die dak is 'n roeibootjie waar seemeeue gewoonlik kras en skree en skinder.

Die stoep is ewe vrolik met feetjieliggies en 'n rooi rusbank en potplante.

Dis waar Nina en ouma Mollie gewoonlik gemmerbier drink.

Maar ouma Mollie is nie vandag op die stoep nie.

**Waar is sy?** wonder Nina. Sy stoot haar fiets by die hekkie met die sonneblom in. By die trap sit sy die fiets neer. Sy haal haar skooltas af.

**Blapsie**, ouma Mollie se hond, vlieg meteens by die voordeur uit. Sy ore waai agter hom op. Hy stamp 'n potplant om.


Die basterbrak het net 'n klein bietjie minder moeilikheid in hom as ouma Mollie.

7

GRAAD 5 TOT 6 HT & 7 EAT







"Vreet jy lekker gras?" lag Martin.
"Ag, loop vlieg jy!" sê Jani. Sy spoeg 'n mond vol gras skelm uit sodat hy nie kan sien sy het rêrig gras geëet nie. Gou is sy weer op haar voete. Sy gryp haar fles.
Broers is die simpelste goed op aarde! stoom dit in haar.
Vanaand wys sy hom wie is baas. Vanaand vang sy die eerste vuurvliegie van die somer. Jani en haar broer kyk elke jaar wie die eerste een in hulle tuin kry. Martin was laas jaar net baie gelukkig. Die jaar voor dit ook, want hulle pa het hom gehelp. Dit was nie regverdig nie, maar Martin het net oopmond vir haar gelag toe sy kla.

Vanaand gaan sy vir hom lag.

Jani swenk weg by 'n groot struik. Verlede somer het die vuurvliegies doer agter in die hoek van die tuin gekuier. Daar is 'n klein dammetjie. Dalk is hulle weer vanjaar daar.
Martin steek 'n laaste keer vir haar tong uit. Toe kies hy 'n ander koers.
Jani hoop net hy het nie al geloer waar hulle vanjaar is nie. Dit sal sleg wees as haar jonger broer haar weer wen.
Sy moet wikkel, besef sy en sit nog spoed aan.
Voor haar sien Jani die visdam. 'n Klomp plante groei om die water. Daar is 'n voetpaadjie ook.
Jani draf soontoe. Sy wip oor 'n paar klippe in die dammetjie. Rats spring sy in die tuin anderkant die water.
Meteens sien sy dit: die sagte glim tussen die takke van 'n klein struik.

SKANDEER EN LEER MEER!

# GRAAD 5 TOT 6 HT & 7 EAT









1
LUKAS
BOU 'N
SPORTKAR

"Lukas, jy raas, maak toe jou kamerdeur! Dis vroeg, ons slaap nog!"

Lukas sluip stilletjies na sy ouers se kamer om hulle deur te gaan toemaak. Hy sien twee hopies duvet op die bed en hoor sy pa se ligte snorkies. Sy ma se bos krulhare steek net-net uit. Sy haal die kussing van haar ore af en loer slaperig vir hom.


"Dis vroeg, my kind, die voëltjies sing dan nog nie eers nie," sê sy. "Wil jy nie nog so 'n bietjie slaap nie?"

"Nee, Mamma, ek het probeer, maar dis ver-velig. Toe't ek solank my kartydskrif klaar gelees. En toe het ek 'n plan gekry hoe om die kar se assies waarmee ek gister gesukkel het reg te maak. Ek sal saggies wees," fluister Lukas.


5





SKANDEER EN LEER MEER!



# GRAAD 5-6 HT & 7 EAT



## VASBYT VYF-REEKS


- Eerste boek het ATKV-Veertjie gewen
- Bevat 'n diverse groep seuns- en meisiekarakters
- 112 bladsye
- Spannings- en speurverhale

SKANDEER EN LEER MEER!

# GRAAD 6 TOT 7 HT

- Nerine Ahlers
- Historiese fiksie
- 144 bladsye

SKANDEER EN LEER MEER!







(1)

"WIAN WASSERMAN! Kom dadelik hier! Kom kry jou ontbyt!"

Tannie Hester se stem sny deur my, maar ek stop nie. Ek kyk ook nie oor my skouer nie. Ek weet die lang, maer tannie met die gryswit hare en die donkerraambril op haar lang neus kyk my agterna, hande in die sye, in die eetsaal se deur.

Ek hardloop net.

A
f
in die gang.

En op met die trappe.

En op.

En op.


Op die vierde vloer storm ek in die lang gang met die blink grys vloer af. Om die hoek. En by die laaste deur in.

Eers toe ek die kamerdeur agter my toestamp, blaas ek my asem stadig uit.

Ek luister 'n paar oomblikke met elke spier in my lyf gespan. Maar dis stil in die gang. Niemand kom agter my aan nie.


# GRAAD 7 HT




- Fanie Viljoen
- Jeugromankompetisiewenner
- 176 bladsye

SKANDEER EN LEER MEER!




# LEKKERLEESBOEKE














"Jorsie!" roep Stoffel.
"Iets vreesliks het gebeur."

# LEKKERLEESBOEKE






**HOOFSTUK 1**
Dapperdal se druipeling

Dapperdal is 'n ryskool. Bekroonde perde staan hier op stal. Mooi skouperde. Sterk springperde. Klein ponies met groot strikke in hul maanhare.



Dapperdal se leerders oefen hard. Hulle ry in sirkels en patrone in die arena, o n oor, totdat dit flink en foutloos is. Hierdie jon uiters gaan eendag die rosette en bekers inhar

Dezi gaan vandag uit Dapperdal ryskool geskors word.

5

**Dertig minute voordat Dezi geskors word**
Agt meisies en een seun drom rondom 'n witbord saam. Hulle kyk watter van die ryskool se perde hulle vir vandag se les moet opsaal.



"Ek het vir Paultjie," sê 'n lang meisie met 'n frons. "Wil iemand ruil?"

"Die tannie sê ons mag nie ruil nie."

"Maar Paultjie is 'n ponie. Hy's te klein vir my. Sê nou maar ek squash hom!"

Bo die jong ruiters, in 'n boom,

'n Stem kom tussen


basies klein renoste

"Dezi! Kom af, voor

6


# LOOM

SKANDEER EN LEER MEER!























# KWARTAAL 3-BUNDELS













SKANDEER EN LEER MEER!

# Dankie!

**VIR ENIGE VERDERE NAVRAE STUUR GERUS 'N E-POS NA**

**INFO@KLASKAMERAA.CO.ZA**